Hierdie doelstelling en strategie is veral toegespits op die sogenaamde "lost generation", naamlik die jeug van die land wat om verskeie redes die geleentheid ontbeert om h skool by te woon, of by die skoolstelsel deur gebrek aan toereikende onderrig uitgesak het, of wat, sonder h opleibare grondslag, waarskynlik ongeletterd en onsyfervardig en tans werkloos is. Alles wys daarop dat daar meer as h miljoen sulke persone moet wees wat werkloos is en min of geen hoop het om ooit werk te kry nie en indien hulle wel in diens geneem word, moeilik opgelei sal kan word. Dit sal nodig wees om heeltydse opleiding, wat deur die staat gefinansier sal moet word en in samewerking met die privaatsektor ontwerp is, aan sulke persone te voorsien en wel op sodanige wyse dat dit vir hulle en vir die privaatsektor aanvaarbaar is. Dié opleiding sal hulle van die nodige waardestelsels moet voorsien asook van die vereiste vaardighede, sodat hulle by vaardighedsopleiding op h indiensgrondslag sal kan baat ten einde hulle bevoegdheid te verbeter.

Om die aanvaarding van dergelike opleiding deur die privaatsektor te verseker, word aanbeveel dat die Privaatsektoronderwysraad (PRISEC) genader moet word om met die beplanning van sodanige program behulpsaam te wees met inagneming van skemas in ander wêrelddele, byvoorbeeld die Youth Training Programmes van die Verenigde Koninkryk, die Australian Traineeship System, die English National Vocational Qualification en enige ander toepaslike stelsels. Die program behoort uit fasette soos geletterdheid, syfervaardigheid, kommunikasie, maatskaplike en persoonlike vaardighede, tegnologie, die werkomgewing, probleemoplossing en algemene werkverwante vaardighede te bestaan en morele en religieuse waardes te kweek. Nadat sodanige program deur al die betrokke partye aanvaar is, sal die koste daarvan deur die staat gedek moet word en die program sal, ideaal gesproke, deur die streekopleidingsentrums en die tegniese kolleges aangebied word waar hulle of in samewerking, of afsonderlik sal optree.

## **7. 'N KWALIFIKASIESTRUKTUUR EN SERTIFISERINGSLIGGAAM TEN OPSIGTE VAN OPLEIDING**

Hierdie strategie is ontwerp om aan die vereistes van die derde doelstelling te voldoen, naamlik om h kwalifikasiestruktuur vir opleiding te ontwerp wat deur h sertifiseringsliggaam geadministreer word ten einde aanvaarbare opleidingstandaarde te verseker.

Dit moet ook aan aanbevelings A.4 M, N en A.25 van die Verslag oor Vaardighedsopleiding voldoen.

Die idee agter h kwalifikasiestruktuur vir opleiding is dat geakkrediteerde modulêre opleiding wat by h bepaalde werkgewer ondergaan word en wat by die kwalifikasiestruktuur inskakel, tot h nasionale kwalifikasie sal lei wat vir indiensnemingsdoeleindes ook deur ander werkgewers binne dieselfde nywerheid, sowel as deur werkgewers in ander nywerhede, erken sal word omdat die kursus deeglik gestruktureerd en bevoegdheidsgerig is. Gevolglik sal persone wat h bepaalde kwalifikasie besit erkende bevoegdhede hê wat vir indiensneming van nut sal wees. Die ontwerp van h dergelike struktuur behoort die verantwoordelikheid van h onafhanklike liggaam soos dié van die National Council for Vocational Qualifications in die Verenigde Koninkryk te wees en die Departement van Mannekrag, die NOR en die VGOR behoort almal goeie verteenwoordiging op sodanige liggaam te hê.

By die ontwerp van kursusse kan oorweging gegee word aan kursusse soos dié van die National Council for Vocational qualifications (NCVQ) in die Verenigde Koninkryk wat tot nasionale beroepskwalifikasies lei, asook kursusse wat vergelyk met dié van die Traineeship-stelsel van Australië. Die Australian Traineeship duur minstens h jaar, met inbegrip van 13 weke van institusionele opleiding, asook indiensopleiding met h gebalanseerde program wat die volgende dek: kommunikasie, die werkomgewing, die tegnologie van die beroep (waaronder die gebruik van rekenaars) syfervaardigheid en gelettertheid, praktiese en handvaardighede ten opsigte van die beroep, probleemoplossing en beplanning, asook werkgerigte vaardighede. Daar word in die vooruitsig gestel dat daar in hierdie struktuur vir opleidingskwalifikasies modulêre bevoegdheidsgerigte opleiding binne die samestelling van loopbaanrigtings in die nywerheid sal wees en opleiding vir die "lost generation" kan wel die eerste modules van dergelike strukture vir loopbaanrigtings verteenwoordig.

## **8. OM DIE BASIESE OPVOEDKUNDIGE VEREISTES VIR OPLEIDING IN DIE NYWERHEID TE IDENTIFISEER EN OM EFFEKTIEWE SKAKELS TUSSEN OPLEIDING EN DIE ONDERWYS TOT STAND TE BRING**

Hierdie strategie is ontwerp om aan doelstellings 4 en 5, asook aan aanbeveling A.4C van die Verslag oor Vaardighedsopleiding te voldoen. Die genoemde doelstelling is:

Om die vereistes ten aansien van basiese onderwys vir opleiding uiteen te sit en duidelik aan te toon.

Om effektiewe skakelmeganismes tussen opleiding en onderwys te skep en direk te skakel veral ten aansien van beroepsowerwys.

### **8.1 Basiese opvoedkundige vereistes**

As gevolg van algemene ontevreedenheid by die privaatsektor oor die produkte van die onderwysstelsel, is h eendaagse seminaar op 28 November 1989 in Pretoria gehou. Dië seminaar is deur die Federasie van Nywerheidskamers, VKK, SAFSIB, BIFSA en die Kamer van Mynwese gereël en alle ministers en adjunk-ministers van onderwys asook hulle direkteurs-generaal is daarheen genool. Na aanleiding van hierdie seminaar het die Privaatsektorowerwysraad (PRISEC) gedurende 1990 tot stand gekom en sy missie is soos volg gestel:

PRISEC sal daadwerklik betrokke wees by die voortgesette ontwikkeling van 'n nie-rassige, relevante en regmatige nasionale onderwysstelsel wat optimale ekonomiese groei sal aanspoor en wat elke deelnemer daaraan sal toerus om opgewasse te wees teen die verantwoordelikhede van die lewe in h demokratiese gemeenskap.

Omrede sy lidmaatskap, waarby liggame ingesluit is wat die meerderheid van werkgewers in die RSA verteenwoordig, is PRISEC in h uitstekende posisie om die juiste eienskappe en vaardighede te identifiseer wat werkgewers van die produkte van die formele onderwysstelsel verwag. Dit behels onder andere die volgende: gelettertheid in die moedertaal en in Engels, syfervaardigheid tot op sekere vlakke van berekening wat gespesifiseer kan word, werketiek, persoonlike en maatskaplike vaardighede, redeneervermoë, handvaardigheid, h begrip van die wêreld van werk en die potensiaal om spesifieke taakvaardighede deur middel van indiensopleiding te ontwikkel. Daar word aanbeveel dat DOV en die NOR met PRISEC in hierdie verband moet skakel. Daar sal egter voortgesette wisselwerking tussen hierdie partye moet wees om gereelde hersiening van die vereistes te verseker sodat daar met die veranderende behoeftes van die nywerheid rekening gehou kan word. Dit moet egter duidelik gestel word dat taakspesifieke vereistes, waarvoor die werkgewer en indiensopleiding die verantwoordelikheid dra, nie hierby ingesluit is nie.

### **8.2 Effektiewe skakels tussen opleiding en onderwys**

Aangesien PRISEC ontstaan het met die doel om die siening van die privaatsektor ten opsigte van onderwys aan die betrokke owerhede weer te gee en om sy missie van h relevante onderwysstelsel na

R. Die voorligting, opleiding en plasing van gestremde persone.

A.18: Met betrekking tot die opleiding van werksoekers en werkloos word aanbeveel dat:

A. finansiering steeds op 'n afsonderlike wyse deur bemiddeling van die Departement van Mannekrag sal geskied; aangesien die opleiding van werksoekers na strukturele en dié van werkloos na sikliese werkloosheid verwys, terwyl die aparte administratiewe strukture daarvoor reeds gevestig is.

B. die NOR 'n ad hoc-ondersoek sal loods om die sosio-ekonomiese, finansiële, uitvoerbaarheids- en ander implikasies van h moontlike herinstelling van finansiering van werksoekerhuisvesting op h beperkte en selektiewe grondslag te bepaal.

C. die NOR riglyne sal voorsien vir die aanbleding van opvolg- en opknappingskursusse aan daardie opledlings wat na h bepaalde tydsverloop steeds nie werk kan bekom nie en sodoende gevaar loop om hul nuutverworwe vaardighede te verloor, en dat

D. die Departement van Mannekrag aandag sal skenk aan die verbetering van opleiding en sodoende op kwaliteit eerder as kwantiteitopleiding sal konsentreer, ooreenkomstig die mannekragopleidingsbehoefes van die nywerheid.

A.26 Die volgende areas is vir verdere navorsing geïdentifiseer:

4. Die relevantheid van finansiering van opleiding deur die staat.

5. Die verhouding tussen vaardighedsopleiding, arbeidsproduktiwiteit, sosiale stabiliteit en regverdigheid en die finansiële rol wat van die staat verwag word.

6. Die koördinerings pogings deur vaardighedsopleiding en die formele onderwysstelsel, byvoorbeeld die "traineeship"-stelsel van Australië waarvolgens opleiding en onderwys binne h enkele staatsdepartement aaneengeskakel word.

Die aanbevelings van die vaardighedsopleidingsverslag wat nie in hierdie verslag ingesluit is nie, word wel in bylae 3 van die hoofverslag geïllustreer.

## **8.7 HOOFSTUK 7: AANBEVELINGS**

Hierdie hoofstuk bevat al die aanbevelings aangaande 'n nasionale opleidingstrategie vir die RSA en die aanbevelings word hier volledig weergegee:

### **1. AANBEVELINGS VAN DIE VAARDIGHEIDSOPLEIDINGVERSLAG (VOV)**

'n Poging is aangewend om die 27 aanbevelings van die VOV in die voorgestelde nasionale opleidingstrategie te inkorporeer. Dit was egter nie moontlik om al die aanbevelings in te sluit nie. 'n Uiteensetting van die aanbevelings het aangetoon dat aandag geskenk sal moet word aan die voorgestelde opleidingstrategie asook aan aanbevelings A.3; A.4B, E, H, Q, R; A.18; en A.26(4), (5) en (6).

**A.3** Daar word aanbeveel dat die nasionale mannekragbeleid sal bepaal dat die opleiding van plaaslike arbeid 'n voorvereiste moet wees voordat immigrasie-aansoeke van opgeleide werkers gunstig oorweeg word.

In die lig van ontevredenheid wat as gevolg van die onlangse immigrasie van ambagsmanne vanaf Spanje en Turkye ontstaan het, het hierdie aanbeveling nog belangriker geword.

**A.4** Daar word aanbeveel dat die Nasionale Opleidingsraad gereeld 'n nasionale strategie vir die ontwikkeling van menslike hulpbronne in die RSA moet formuleer en byhou. Dié strategie moet onder andere die volgende sake aanspreek:

- B.** Gereelde bepaling van mannekrag- en opleidingsbehoefte in ooreenstemming met onder andere die Departement van Mannekrag, die Nasionale Mannekragkommissie, die voorgestelde vereniging van geakkrediteerde opleidingsrade, 'n adviserende komitee vir streekopleidingsentrums en 'n nasionale koördinerende opleidingsliggaam vir die informele sektor.
- E.** 'n Opname van alle beroepsonderwys- en -opleidingsfasiliteite in die private en openbare sektore asook in die formele onderwys met die oog op die optimale benutting daarvan.
- H.** Voorligting, opleiding en plasing.
- Q.** Bekendstelling van beskikbare opleidingsfasiliteite, -kursusse, -kwalifikasies en finansiële hulp.

ontwikkeling van die ekonomie in die formele en informele sektore te ondersteun.

- 2.2 Om die opleikbaarheid van werknemers te optimeer met spesifieke verwysing na oorbruggingsopleiding, lees- en skryfvaardigheid, syfervaardigheid, werkvaardigheid en leervaardigheid sowel as verdere opleiding van werknemers.
- 2.3 Om 'n kwalifikasiestruktuur vir opleiding te ontwerp wat deur 'n sertifiseringsliggaam geadministreer word ten einde aanvaarbare opleidingstandaarde te verseker.
- 2.4 Om die vereistes ten aansien van basiese onderwys vir opleiding te verhelder en duidelik aan te toon.
- 2.5 Om effektiewe skakelmeganismes tussen opleiding en onderwys te skep en direk te skakel veral ten aansien van beroepsonderwys.

Hoofstuk 6 verwys ook na die streekseminare insake 'n nasionale opleidingstrategie wat gehou is om die aanvanklike nasionale opleidingstrategie wat deur die WK geformuleer is, te toets.

Die bestuurskomitee het 'n aanvanklike opleidingstrategie voorberei wat aangewend kon word om bespreking en reaksie uit te lok by die vyf streekseminare wat in Port Elizabeth, Kaapstad, Bloemfontein, Durban en Johannesburg gehou is.

Die is belangrik om daarop te let dat die bywoning deur vakbondede, met uitsondering van by Kaapstad, uiters beperk was. Die aanvaarding van 'n nasionale opleidingstrategie deur die vakbonde, veral deur Cosatu en sy geaffilleerde liggame, word as noodsaaklik vir die sukses van die strategie beskou en in alle opvolgaksies wat uit hierdie verslag spruit, sal hierdie saak ernstige aandag moet geniet.

Kommentaar wat by besprekings tydens die seminare gelewer is, kan as volg geklassifiseer word:

- A. Versoeke om nadere inligting oor bepaalde aspekte van die onderwerpe wat bespreek is.
- B. Ondersteuning vir, uitweiding oor en algemene bevestiging van idees wat by die seminare voorgelê is.
- C. Voorstelle met betrekking tot sake wat moontlik by die voorgestelde strategie ingesluit kon word, of daarby ingesluit behoort te word.



T8. Onsekerheid omtrent die toekomstige politieke bedeling.

### **Geleentehede**

- O1. Die ontwikkeling van die informele sektor van die ekonomie.
- O2. Produktiwiteitsbewustheid by bestuur van meeste nywerhede.
- O3. Verstedeliking en bevolkingsgroei.
- O4. Die vermenigvuldiger-effek van nuwe tegnologie en verwerking.
- O5. Die bydrae van die onderwysvernuwingstrategie.

Die hoofstuk toon ook die doelwitte en doelstellings aan wat geformuleer is op sterkte van die SWOT-analise. Hierdie doelwitte en doelstellings is die volgende:

#### **1. Doelwitte**

- 1.1 Om 'n aanvanklike nasionale opleidingstrategie te bepaal.
- 1.2 (a) Om 'n struktuur te skep, geskoei op die basis van vrywillige verbintenis, wat gereelde hersiening van die nasionale opleidingstrategie kan behartig.
- (b) Om die totstandkoming van die opleidingsvennootskap (DOV) te realiseer.
- 1.3 Om 'n aanvaarbare finansieringsmodel vir opleiding binne die beperkings van die ekonomie te onderhandel.
- 1.4 Om die privatisering, desentralisering en koördinering van opleiding te bevorder en te ondersteun.
- 1.5 Om die doeltreffendheid en effektiwiteit van opleiding te bevorder.

#### **2. Doelstellings**

- 2.1 Om die arbeidsmag toe te rus met die vaardighede en waardes wat benodig word om die

- W5. Gedeeltelike aanvaarding van nywerheidsopleidingsrade as gevolg van onder andere die volgende faktore:
- 5.1 Onvoldoende bewustheid van die behoefte aan opleidingsrade.
  - 5.2 Vooroordeel teenoor opleidingsrade.
  - 5.3 Vrees vir die totstandkoming van burokratiese strukture.
- W6. Die tekort aan en onvoldoende koördinerende van opleiding van die werklose ten einde die behoeftes van die informele en formele werkgewerssektore te bevredig en daardie sektore verder te ontwikkel.
- W7. Die gebrek aan 'n nasionale kwalifikasiestruktuur vir opleiding.
- W8. Die tekort aan 'n bevoegde professionele opleierskorps.

### **Bedreigings**

- T1. Die hoë vlak van ongeletterdheid onder die ekonomies aktiewe bevolking.
- T2. Lae ekonomiese groei met gepaardgaande onvoldoende werkskepping wat vererger word deur 'n groeiende tekort aan geskoolde mannekrag.
- T3. Opleiding word nie beskou as 'n belegging in menslike kapitaal nie.
- T4. Diskontinuiteit in staatsfinansiering van opleiding, dit wil sê belastingtoegewings/kontanttoelaes.
- T5. Die produkte van die onderwysstelsel voldoen nie aan die minimum vereistes van die nywerheid nie.
- T6. Daar is 'n wanbalans tussen die aard en omvang van opleiding wat deur naskoolse instellings aangebied word aan die een kant en die behoeftes van die wêreld van werk aan die ander kant.
- T7. Ongelykheid in die onderwysstelsel lei tot tekortkominge wat eers aangespreek moet word alvorens werkgerigte opleiding onderneem kan word.

- 1.2 die statutêre koördinerings van gedesentraliseerde opleidingsisteme deur middel van akkreditering deur die Departement van Mannekrag en op tweede vlak deur geakkrediteerde nywerheidsopleidingsrade;
  - 1.3 positiewe gesindheid van die staat, groot werkgewers, sommige werkgewersorganisasies en vakbonde; en
  - 1.4 groeiende samewerking tussen sommige nywerheidsopleidingsrade.
- S2. Die bestaan van 'n netwerk/infrastruktuur van private en openbare opleidingsinstellings op plaaslike en streeklakke wat beskik oor ontwikkelde opleidingstegnologie en aansienlike spaarkapasiteit.
  - S3. Die beskikbaarheid van opleiding vir die werklose en die werksoeker.
  - S4. Die bestaan van 'n bewese sisteem van bevoegdheidsgebaseerde modulêre opleiding gebaseer op behoeftebepalings.
  - S5. Hoë vlakke van motivering by opleidingsinstellings op die laer vaardigheidsvlakke.

### **Swak punte**

- W1. Die gebrek aan 'n nasionale opleidingstrategie en die gepaste strukture om strategie te bepaal.
- W2. Onvoldoende strukture vir die koördinerings van opleiding, die gebrek aan samewerking tussen verskillende nywerhede en die nie-optimale benutting van fasiliteite.
- W3. Onvoldoende skakelingsmeganismes tussen opleiding en onderwys.
- W4. Opleiding is nie voldoende gerig op die volgende sake nie:
  - 4.1 Die "mengsel" van behoeftes by nywerhede met verwysing na aspekte soos denke en redenasie, kommunikasie en gesindhede.
  - 4.2 Groter produktiwiteit.
  - 4.3 Die ontwikkeling van 'n loopbaan in 'n bepaalde nywerheid.

met respondente van die verskillende organisasies wat as moontlike SBE van DOV geïdentifiseer is.

Die inligting wat ingewin is, is ontleed en word aangebied in die vorm van beskrywende gevallestudies. 'n Afskrif van elke beskrywing is aan die betrokke organisasie gestuur vir kontrole om te verseker dat die inligting wat per telefoon bekom is, korrek in die verslag weergegee is.

'n Omvattende lys van sterk en swak punte van die opleidingsvennootskap is in die ontleding geïdentifiseer en word volledig in die hoofstuk aangetoon.

## **8.5 HOOFSTUK 5: EKSTERNE OMGEWINGSONTLEDING**

Die doelwitte van die eksterne omgewingsontleding sowel as die ontledingsareas is reeds in hoofstuk 2 van die verslag aangetoon. (Sien ook par. 8.2 hierbo.)

Die eerste fase het bestaan uit gesprekke met 'n aantal kundiges en belanghebbendes op die terrein van opleiding waartydens tersaaklike fasette geïdentifiseer en omskryf is. Fase twee het bestaan uit 'n ontleding en samestelling van die tersaaklike inligting uit die verskillende beskikbare bronne met die oog op die bepaling van die relatiewe belang en rol van elk. Alleen huidig beskikbare bronne is gebruik vir hierdie taak en kundiges op die onderskeie terreine is betrek.

'n Omvattende lys bedreigings en geleenthede is in die ontleding geïdentifiseer en word in dié hoofstuk aangetoon.

## **8.6 HOOFSTUK 6: DOELWITTE, DOELSTELLINGS EN DIE STREEKSEMINARE**

Hierdie hoofstuk behandel die wyse waarop die bevindings van die organisatoriese en omgewingsontledings oorweeg is, geïnterpreteer is en hersien is ten einde die lys van sterk punte, swak punte, geleenthede en bedreigings te finaliseer. Die SWOT-analise is op hierdie lys gebaseer.

**Die finale lys van sterk en swak punte, bedreigings en geleenthede**

### **Sterk punte**

S1. 'n Gunstige gevestigde opleidingsstelsel bestaande uit

1.1 gunstige opleidingswetgewing en -beleid;

inkomstebelastingtoegewings en die instelling van kontantaansporings vir opleiding is gedoen, maar besonderhede in verband met sodanige maatreëls is tans nog onbekend. Die huidige ondersoek na 'n opleidingstrategie is egter 'n uitvloeisel van die Verslag oor Vaardighedsopleiding wat gevolglik as 'n interimverslag in die ontwikkelingsproses van 'n nasionale opleidingstrategie beskou kan word.

Met die oog op die voorafgaande is dit noodsaaklik dat die bevindings in die Verslag oor Vaardighedsopleiding in die onderhawige ondersoek voor oë gehou moet word. Gevolglik is dit as wenslik beskou om dit in hierdie verslag te herhaal alvorens daar met die organisasie- en omgewingsontledings voortgegaan word, ten einde te verseker dat dit by die SWOT-ontleding in aanmerking geneem sal word. Dit moet egter beklemtoon word dat die bevindings wat in die Verslag oor Vaardighedsopleiding vervat is, nie as sterk of swak punte, geleenthede of bedreigings aangedui is nie en gevolglik kan dit nie geredelik as sulks gekategoriseer word nie. In hoofstuk 10 van die Verslag oor Vaardighedsopleiding is die 79 voorstelle onder 11 hoofde gegroepeer wat vervolgens tot 27 aanbevelings herlei is. Gevolglik is die voorstelle uitgelaat en is alle aanbevelings herhaal omdat hulle óf na die behoefte aan die opleidingstrategie verwys, óf andersins 'n belangrike invloed op 'n toekomstige strategie kan uitoefen.

Kommentare op die Verslag oor Vaardighedsopleiding is uiteeraard ook met die oog op 'n nasionale opleidingstrategie in die hoofstuk oorweeg.

#### **8.4 HOOFSTUK 4: 'N ORGANISATORIESE ONTLEDING VAN DIE OPLEIDINGVENNOOTSAP**

Die navorsing na 'n organisatoriese ontleding van die opleidingvennootskap het hoofsaaklik die volgende behels:

'n Oorsig van die Suid-Afrikaanse ekonomie is verkry om die werkverskaffing en produktiwiteitskoerse in elke bedryf te beskryf.

Die nywerheidsopleidingsrade en ander organisasies wat gemoed is met opleiding in die verskillende nywerhede is geïdentifiseer as maontlike SBE. 'n Lys van die organisasies wat aan die ondersoek deelgeneem het, word in tabel 4.21 van die hoofverslag gegee.

'n Vraelys is ontwikkel om inligting in te win by opleidingsbestuurders en ander personeel van die verskillende organisasies oor die verskillende aspekte van opleiding waarmee elke organisasie gemoed is. 'n Opsomming van die vraelys verskyn in tabel 4.22 van die hoofverslag.

Aan die hand van die vraelys wat ontwikkel is, is telefoononderhoude van ongeveer 45 minute gevoer

van Vuuren het as fasiliteerder opgetree en het die SWOT-ontleding gelei wat op die bepaling van doelstellings, doelwitte en 'n strategie uitgeloopt het en prioriteite vasgestel het.

Dié onderwerpe word in hoofstuk 6 van die hoofverslag behandel.

Ten einde die strategieproses te aktiveer, te evalueer en beheer daarvoor uit te oefen, asook om die strategie as sulks in hersiening te neem, word 'n organisasiestruktuur vereis. Die instelling van hierdie strategieë beplanningorganisasiestruktuur kan weens die iteratiewe aard van strategieë bestuur wel as een van die belangrikste aanbevelings beskou word wat uit hierdie navorsing sal voortspruit. Aandag is ook geskenk aan die aard van die inligting wat vir evaluering vereis word en aan die vorm van motiverende en ooreenstemmende faktore wat nodig is om deelname deur alle betrokkenes, asook die aanvaarding en goedkeuring van die nasionale strategie, te verseker.

Aanbevelings rakende hierdie sake word in hoofstuk 7 van die hoofverslag aangetoon.

### **8.3 HOOFSTUK 3: VORIGE ONDERSOEKE NA OPLEIDING**

In hierdie hoofstuk is vorige ondersoeke na opleiding wat relevant is tot 'n nasionale opleidingstrategie oorweeg.

Die RGN-/NOR-onderzoek na die Opleiding van Ambagsmanne in die RSA het gedurende 1983 tot 1985 plaasgevind en na openbare kommentaar met betrekking tot die verslag, is die Witskrif (WPO-86) daarvoor deur die Minister van Mannekrag en van Openbare Werke aan die Parlement voorgelê. Die besluite wat in die Witskrif vervat is, het uitgeloopt op die verskyning van die Wysigingswet op Mannekragopleiding, 1990 (Wet No. 39 van 1990). Dit sal 'n tyd lank duur vir die wet om 'n uitwerking te hê op gebiede soos die opleiding van ambagsmanne, akkreditering van opleidingsrade, akkreditering van opleiding deur geakkrediteerde opleidingsrade, devolusie van verantwoordelikheid vir opleiding in 'n spesifieke nywerheid deur die geakkrediteerde opleidingsrade, ontplooiing van streekopleidingsentrums en opleiding van werkloses, om slegs enkele voorbeelde te noem. Die wet sal egter by die opstel van 'n nasionale opleidingstrategie in aanmerking geneem moet word. Die Onderzoek na die Opleiding van Ambagsmanne kan as 'n loodsstudie vir verdere opleidingsonderseke beskou word.

Die RGN-/NOR-onderzoek na vaardigheidsopleiding in die RSA het gedurende die tydperk Mei 1987 tot Maart 1989 plaasgevind en die verslag is in September 1989 vir openbare kommentaar vrygestel. Alle kommentaar is teen 31 Januarie 1990 ontvang en aangesien daar tot nog toe geen verklaring van voorneme deur die staat in die vorm van 'n witskrif uitgereik is nie, kon implementering van die grootste gedeelte van die verslag nie plaasvind nie. Aankondigings ten opsigte van die beëindiging van

Die **organisasie-ontleding** is in hoofstuk 4 van die verslag beskryf en was gerig op die volgende oogmerke:


- \* Om 'n oorsig van die huidige stand van werkverskaffing en produktiwiteit in Suid-Afrika te verskaf.
- \* 'n Ontleding van die verskillende strategieë sake-eenhede in terme van
  - wyses waarop hulle betrokke is by opleiding;
  - hul registrasiestatus by die Departement van Mannekrag en, waar van toepassing, die aantal kursusse geregistreer;
  - hul houding teenoor akkreditering en die mate waarin kursusse nasionale erkenning geniet;
  - die bestaan al dan nie van 'n nywerheidsopleidingsraad in die bedryf.
- \* Om 'n oorsig van die opleidingsaktiwiteite van die verskillende SSE per bedryf te gee.
- \* Om die waarde van opleiding te bepaal asook die mate waarin die bestaande opleidingsfasiliteite in die land benut word.
- \* Om faktore wat die ontwikkeling van DOV strem of bevorder, te identifiseer.
- \* Om die sterk en swak punte van DOV te identifiseer.

Die **omgewingsontleding** (Hoofstuk 5) was gerig op die ontleding van die eksterne omgewing van DOV en het die volgende onderwerpe gedek:


- \* Ekonomiese faktore
- \* Demografiese faktore
- \* Tegnologie en produktiwiteit
- \* Wetgewing, statutêre en politieke sake
- \* Formele en nie-formele onderwys
- \* Nasionale dienspligtelsel
- \* Nasionale en internasionale arbeidsaangeleenthede

Die **SWOT-ontleding** het uit die voorlegging van die navorsingsverslae aan die bestuurskomitee en die WK bestaan om te verseker dat alle tersaaklike aspekte van DOV en organisasie- en omgewingsontleding behoorlik gedek is en dat die **sterk en die swak punte, geleenthede en bedreigings** voldoende geïdentifiseer is. Na verfyning van die faktore, het die WK 'n SWOT-ontleding uitgevoer. Prof. M.C.J.

**FIGUUR 2 : VERSKILLENDE ELEMENTE VAN DOV**




**FIGUUR 3 : DIE BYDRAE TOT OPLEIDING VIR DOV DEUR VERSKILLENDE INRIGTINGS**





**FIGUUR 1 : DIE NASIONALE STRATEGIESE BESTUURSPROSES VIR OPLEIDING**



## **8. KERN-AANTEKENINGE OOR ELKE HOOFSTUK VAN DIE HOOFVERSLAG**

### **8.1 HOOFSTUK 1: AGTERGROND TOT DIE ONDERSOEK NA 'N OPLEIDINGSTRATEGIE VIR DIE RSA**

Hierdie hoofstuk bevat hoofsaaklik die navorsingsvoorstel, die navorsingsopdrag, die behoefte aan 'n opleidingstrategie, die samestelling van die werkkomitee, navorsingsmetodes en definisies. Die navorsingsbenadering gebaseer op korporatiewe strategieëse bestuursbeginsels is van besondere belang aangesien die beproefde werkswyse in korporatiewe bestuur aangepas moes word om as navorsingsmetode aangewend te word.

### **8.2 HOOFSTUK 2: DIE KORPORATIEWE STRATEGIESE BESTUURSTELSEL**

In die eerste deel van hierdie hoofstuk is 'n stelsel of proses van korporatiewe strategieëse bestuur uiteengesit wat in een of ander vorm deur talle sakeondernemings in die Westerse Wêreld aangewend word. Sulke ondernemings is winsgerig en gevolglik is alle fasette van die stelsel nie noodwendig op 'n opleidingstrategie van toepassing nie. Daarenteen moet 'n opleidingstrategie kostebewus wees en na effektiewe en doelmatige benutting van beskikbare fasiliteite strew. Die bestuurskomitee en die WK het op dié grondslag besluit om hierdie stelsel aan te pas en te gebruik om die opleidingstrategie te bepaal. Die tweede deel van die hoofstuk behandel die strategieëse bestuurstelsel soos aangepas om 'n nasionale opleidingstrategie te formuleer. Die elemente van die stelsel is dus:

1. Die organisasie - DOV.
2. Die missiestelling.
3. Die organisasie-ontleding.
4. Die omgewingsontleding op nasionale, internasionale en streekvlakke.
5. Die SWOT-ontleding.
6. Doelstellings, doelwitte, strategieë en prioriteite.
7. Die strategieëse beplanningstruktuur.
8. Terugvoer- en hersieningsmeganismes.

Die basiese strategieëse bestuursproses is aangepas soos in figuur 1 aangetoon, om die nasionale strategieëse bestuursproses te illustreer.

Die organisasie (DOV) en die missie is reeds in hoofstuk 1 beskryf. (Sien par. 5 - DEFINISIES.) Die verskillende elemente van DOV asook die bydraes tot opleiding vir DOV wat deur verskillende inrigtings gemaak word, word in figure 2 en 3 aangetoon.

en die noodsaaklikheid om die benutting van die beperkte opleidingsfasiliteite van die land optimaal te ontwikkel.

## 6. AANSTELLING VAN NAVORSERS

Nadat daar besluit is om die stelsel van korporatiewe strategiese bestuur as die navorsingsmetode toe te pas en nadat die opleidingstrategie, DOV en missieverklaring gedefinieer is, is daar met maatskappye navorsers onderhandel. Daar is besluit dat twee hoofnavorsingsprojekte nodig was, naamlik 'n interne organisatoriese ontleding en 'n eksterne omgewingsontleding.

Die navorsing na die interne organisatoriese ontleding is deur dr. Ros Hirschowitz en mev. Susan Hayes van die Groep: Menslike Hulpbronne van die RGN onderneem. Navorsing na die eksterne omgewingsontleding is onderneem deur 'n span navorsers onder die leierskap van professor N.F. Alberts van die Nagraadse Bestuurskool van die Universiteit van Pretoria.

Die twee navorsingskontrakte is teen 30 November 1989 gefinaliseer by geleentheid waarvan formele ooreenkomste tussen die navorsers en die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing (tans die Groep: Onderwys) van die RGN aangegaan is.

## 7. NYWERHEIDSEMINARE

Die konsep van die opleidingsvennootskap as 'n middel tot vrywillige deelname aan die beplannings- en implementeringsfasies is as van oorwegende belang beskou. Indien die vennote daartoe in staat was om 'n positiewe rol in die formulering van 'n opleidingstrategie te speel, kon van hulle verwag word om hulle daarmee te vereenselwig en dit as hulle eie opleidingstrategie te aanvaar. Om hierdie rede is daar besluit om die konsep van DOV dwarsdeur die verloop van die ondersoek uit te dra. Daar is ook besluit dat, sodra die navorsing voltooi is en 'n ontwerpverslag opgestel is, 'n reeks seminare gereël sal word ten einde die nasionale strategie verder te verfyn en te finaliseer. Die seminare is deur die streekopleidingskomitees by vyf hoofsentrums georganiseer, naamlik Port Elizabeth, Kaapstad, Bloemfontein, Durban en Johannesburg.

Bespreking by hierdie seminare is as bykomende inset aangewend om die beoogde doelstellings, doelwitte, strategie en prioriteite af te rond en die verslag is ten slotte deur die WK by 'n vergadering op 31 Oktober 1990 aanvaar.

Die missie van DOV is om gemoeid te wees met die voorsiening van toepaslike en toereikende opleiding vir al die mense van die RSA. In die uitvoering van die missie sal DOV die ekonomiese en ander behoeftes van die land in gedagte hou, asook die strewe en vermoëns van die individu verder uitgepluis is. Verdergens is as volg ooreengekom:

En van die eerste stappe by die korporatiewe strategieëse beplanning was dat die WK die missie van DOV moes bepaal. Gedurende 'n bestuursvergadering is die tyd grotendeels gewy aan die formulering van 'n verklaring aangaande 'n geskikte missie, wat by geleentheid van die tweede WK-vergadering

#### 5.4 Die missie van DOV

Die opleidingsvennootskap (DOV) bestaan uit alle partye wat by die formulering van opleidingsbeleid, by beplanning en by die finansiering en verskaffing van opleiding vir die wêreld van werk in die RSA betrokke is.

Opleidingsinstellings van vakbonde behels en hulle het DOV as volg gedefinieer: opleidingsinstellings van die staat, georganiseerde nywerhede, individuele werkgewers, asook opleidingsstrategie wat hulle help ontwerp het. Verdergens het die WK besluit dat DOV alle nywerheid op 'n vrywillige grondslag kan ontwerp en wel onder die vaandel van die nasionale strategieëse sake-eenhede (SSE) beskou kan word en op hulle beurt sal hulle die strategie vir hulle eie ontwerp kon word. Indien dit bereik kan word sal elke nywerheid sowel as ander vennote in DOV as 'n gelykwaardige vennootskap op mekaar inwerk sodat 'n opleidingsstrategie op 'n vrywillige grondslag is dit as noodsaaklik beskou om 'n konsep te skep waar die privaatsektor en die staat in 'n veral van die verslag *Employment for the 1980s* uitgegee deur Her Majesty's Stationery Office (HMSO), beplan moes word. Na aanleiding van 'n studie van dokumente aangaande opleiding in ander lande en opleidingsstrategie toe te pas, het dit nodig geword om die organisasie te definieer waarvoor die strategie ten einde die stelsel van korporatiewe strategieëse beplanning op die ontwikkeling van 'n nasionale

#### 5.3 Die opleidingsvennootskap (Die opleidingsvennootskap sal deur die akroniem DOV verteenwoordig word.)

Die nasionale opleidingsstrategie is 'n plan van aksie wat op voorafgepaalde langtermyndoelstelsels en korttermyn doelwitte gebaseer is om voorsiening te maak vir die sistematiese gestruktureerde opleiding van mannekrag in vaardighede op verskillende vlakke, ten einde beter aan te pas by die lewering van 'n behoorlik opgeleide en hoogs produktiewe werkerskorps wat vereis word om in die huidige en toekomstige kwalitatiewe en kwantitatiewe behoeftes van elke produksiesektor van die land se ekonomie te voorsien.

#### **4. NAVORSINGSMETODE**

By die vierde vergadering van die bestuurskomitee het die voorsitter 'n aanbieding van 'n stelsel van korporatiewe strategieëse bestuur en die verskillende elemente van die korporatiewe strategieëse bestuurproses voorgelê. Hierdie vergadering is ook bygewoon deur professore S. Marx, M.J.C. van Vuuren en N.F. Alberts van die Departement Bedryfsekonomie en die Nagraadse Bestuurskool van die Universiteit van Pretoria. Hulle menings is verkry in verband met die uitvoerbaarheid daarvan dat dié benadering aangewend kon word vir die bepaling van 'n nasionale opleidingstrategie. By dié vergadering is besluit om 'n soortgelyke aanbieding aangaande strategieëse bestuur aan die WK voor te lê en dit het by geleentheid van die tweede WK-vergadering plaasgevind, wat ook deur professore M.J.C. van Vuuren en N.F. Alberts bygewoon is. Die WK het saamgestem dat dié proses as grondslag vir die navorsingsprojek sou dien en het dit aan die bestuurskomitee oorgelaat om met geskikte en bekwame navorsers te onderhandel. Die korporatiewe bestuurproses word in besonderhede in hoofstuk 2 beskryf. Ten einde die proses te implementeer, was dit nodig vir die WK om sekere terme te definieer.

#### **5. DEFINISIES**

##### **5.1 Opleiding**

Die Kompendium van Opleiding van die Nasionale Opleidingsraad definieer opleiding as

die oordrag of verwerwing van vakkennis, verwante vaardighede, waardes en gesindhede ter bekwaammaking van die persoon en die ontwikkeling van sy aanlegte en ander vermoëns ter verbetering van sy werkgeskiktheid. Opleiding, wat meestal buite die formele onderwysinstellings plaasvind, is meermale gerig op die behoeftes van 'n bepaalde werkgewer of groep werkgewers.  
(Kompendium van Opleiding bl. 2)

Die vaardighede wat ontwikkel word, kan tegniese, konsepuele of mensvaardighede wees en word in mindere of meerdere mate benodig op die verskillende vlakke waarop die persoon werksaam is, vanaf dié van die ongeskoolde werker tot by die hoog geskoolde vlakke van senior bestuur.

##### **5.2 Opleidingstrategie**

Die woord strategie is deur verskeie skrywers in geskifte oor bestuur, korporatiewe strategieëse beplanning en korporatiewe strategieëse bestuur gedefinieer. Na oorweging van die implikasies van verskeie definisies, is 'n keuse gedoen uit dié wat as van toepassing beskou is en vervolgens het die WK op die volgende definisie van 'n nasionale opleidingstrategie besluit:

Mnr. P. Naidu	Tegniese Onderwys- en Opleidingkonsultant.
Dr. G.A. Niebuhr	Hoofdirekteur: Opvoedingsbeleid, Departement van Nasionale Opvoeding.
Dr. E. Orbach	Groepbestuurder, Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika.
Prof. A.M. Reynolds	Hoofdirekteur, Instituut vir Opleiding, Kommissie vir Administrasie.
Mnr. A.D. Riley	Bestuurder, Menslike hulpbronstudies, Nasionale Produktiwiteits-instituut (NPI).
Prof. J.M. Schepers	Departement Sielkunde, Randse Afrikaanse Universiteit.
Dr. H.J. Smith	Hoofdirekteur, Tegnologiebevordering, Departement Handel en Nywerheid.
Dr. I. Steyl	Rektor, Vaaldriehoekse Technikon.
Prof. F.G. Steyn	Departement Ekonomie, Universiteit van Pretoria.
Mnr. J.R. Tyers	Uitvoerende Direkteur, Opleidingsraad vir die Meubelnywerheid (OVDM).
Mnr. T.G.J. van der Berg	Voorsitter, Privaatsektor Onderwysraad (PRISEC).
Mnr. M.C. van Niekerk	Bestuurder: Opleiding, SA Landbou-unie.
Mnr. H. van Schalkwyk	Koördineerder, RGN.
Mnr. L.N. van der Schyff	Koördineerder, NOR.
Mnr. M.C. Edmunds	Koördineerder, NOR.

Die bestuurskomitee het uit die volgende bestaan:

Dr. A. Pittendrigh	Voorsitter
Dr. S.W.H. Engelbrecht	
Dr. F.R.L.N. Eksteen	
Dr. G.D. Haasbroek	
Dr. R.S. Loubser	
Mnr. P.Z.G. Malimela	
Mnr. H. van Schalkwyk	Koördineerder
Mnr. L.N. van der Schyff	Koördineerder

In 'n later stadium is versoeke om WK-lidmaatskap van ander organisasies ontvang en die bestuurskomitee het besluit om waarnemerstatus aan die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Opleiding en Ontwikkeling (SAVOO) en die Instituut vir Personeelbestuur (IPB) te bied. Die aanbod is aanvaar en mnr. S. Fourie van die SAVOO en mnr. Tony Ansara van die IPB is as waarnemerslede van die WK aangestel.

Dr. D. Haasbroek is van die NOR na die Departement van Mannekrag as Hoofdirekteur oorgeplaas en het vervolgens 'n waarnemende in plaas van 'n volwaardige lid geword, aangesien die Departement van Mannekrag uiteindelik die finale verslag amptelik sal moet oorweeg.

**opleidingsprioriteite ingesluit is, is dus noodsaaklik om te verseker dat hierdie doelwitte bereik word.**

### **3. DIE WERKKOMITEE (WK)**

Dit is as noodsaaklik beskou om 'n werkkomitee saam te stel wat verantwoordelik sou wees om die ondersoek te monitor en te beplan en om enige navorsing wat nodig geag sou word, te lei. Sodanige komitee is saamgestel uit deskundiges afkomstig van die talle organisasies wat in 'n nasionale opleidingstrategie belangstel en moontlik daardeur beïnvloed word. Dr. A. Pittendrigh is aangestel om, as voorsitter van die WK, die ondersoek te lei. Daarna is die aanstelling van komiteeledede bespreek om te verseker dat geen belangrike belanghebbendes oor die hoof gesien is nie, asook om individue te identifiseer wat as bekwaam beskou is om 'n positiewe bydrae tot die ondersoek te lewer. Die lede van die WK was soos volg:

Dr. A. Pittendrigh	Voorsitter van die ondersoek.
Dr. S.W.H. Engelbrecht	Hoofbestuurder, Groep: Onderwys, RGN.
Dr. F.R.L.N. Eksteen	Voorsitter, Nasionale Opleidingsraad.
Dr. F.S. Barker	Waarnemende Voorsitter, Nasionale Mannekragkommissie (NMK).
Mnr. L.P. Bartel	Afrikaanse Handelsinstituut (AHI).
Mnr. C.D. Beukes	Hoofdirekteur, Departement Onderwys en Kultuur (Raad van Verteenwoordigers).
Dr. J.H. Beukes	Hoofbestuurder, Groep: Korporatiewe Kommunikasie, RGN.
Mnr. G.W. Bezuidenhout	Arbeidsadviseur, Suid-Afrikaanse Besigheidskamer (SABEK).
Mnr. G.B. Blain	Hoof van Verspreide Opleiding, Eerste Nasionale Bank.
Dr. P.J. Britz	Groepmannekragbestuurder, TRANSNET.
Mnr. L.N. Celliers	Algemene Sekretaris, SA Konfederasie van Arbeid (SAKVA).
Mnr. K. Fisher	Groepopleidingsbestuurder, Kleinsake-ontwikkelingskorporasie (KSOK).
Mnr. D.B. Gaynor	Hoofbestuurder, Opvoedingsdienste, Kamer van Mynwese.
Dr. G.D. Haasbroek	Hoofdirekteur: Mannekragopleiding, Departement van Mannekrag.
Mnr. P. Handlinger	Bestuurder, Mannekragvoorsieningsaksie, Stigting vir Navorsingsontwikkeling.
Dr. J.F. Hattingh	Direkteur, Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling.
Prof. P.G. Human	Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Stellenbosch.
Mnr. M.J. Klopper	Voorsitter, Vereniging van Tegnieese Kolleges.
Dr. R.S. Loubser	Vise-president, SA Raad vir Professionele Ingenieurs.
Mnr. P.Z.G. Malimela	Hoof- uitvoerende beampte, Malimela en Vennote.

Die opleidingspoging is ook sporadies omdat dit baie gevoelig is vir die ekonomiese of sakesiklus en studies het getoon dat die opleidingskringloop uit pas is met die sakesiklus (kyk die RGN-/NOR-onderzoek na die opleiding van ambagsmanne in die RSA, hoofstuk 3, par. 3.5). Gedurende die laagkonjunkturfase word opleiding beperk wanneer daar dan in werklikheid groter opleidingspogings kan en waarskynlik moet plaasvind om aan toenemende mannekragverleistes gedurende die daaropvolgende hoogkonjunktuur van die ekonomie te voldoen. Aangesien opleiding trekgerig is en gevolglik hoofsaaklik op tekorte aan geskoolde mannekrag reageer, word dit grootliks volgens die behoeftes van die formele ekonomiese sektor aangebied en sodoende ignoreer dit die moontlikhede van die informele sektor en nelg om ook siklies van aard te raak. Dit sal waarskynlik tot die verwaarloosing van sekere opleidingsgebiede lei wat in die langer termyn van waarde kan wees, en kan selfs verwaarloosing van algemene opleiding op belangrike gebiede soos dié van geletterdheid en syfervaardigheid veroorsaak. Voorts bestaan daar geen stelsel vir die erkenning of akkreditering van opleiding tussen werkgewers in verskillende nywerhede nie, of in menige gevalle, tussen werkgewers in dieselfde nywerheid nie. Dit kan uitloop op duplisering van opleiding, die heropleiding van opleidlinge in dieselfde vaardighede deur verskillende werkgewers, of 'n onvermoë van 'n persoon om werk te bekom waar vaardighede vereis word wat reeds aangeleer is. Daar is ook 'n afwesigheid van skakels tussen die opleidingstelsel en die formele onderwysstelsel en daar is geen akkrediteringstelsel wat die formele onderwyssektor in staat stel om kwalifikasies wat in die nie-formele sektor verkry is, te erken nie. Die kostevoordeel van die algehele opleidingsuitgawe in die RSA sal aansienlik verhoog word indien die verspreiding en besteding van opleidingsgelde doeltreffender en volgens 'n strategiese plan uitgevoer word.

In die *Kompendium van Opleiding* wat in 1984 deur die NOR as deel van die Nasionale Opleidingsbeleid uitgegee is, word die volgende verklaar:

**Die nasionale en algemene opleidingsdoelwit is om die land se totale mannekragkorps, ongeag ras, kleur of geslag, optimaal te ontwikkel deur die deurlopende opvoeding, tot die hoogs moontlike vlak, van die individu se werkvermoëns met inagneming van sy aanlegte, belangstellings en ander persoonlikheidsienskappe. Hierdie proses moet geskied binne die huidige en toekomstige behoeftes van Suid-Afrika op tegnologiese, ekonomiese en maatskaplike gebied.**

(Nasionale Opleidingsraad, Departement van Mannekrag. *Kompendium van Opleiding* bl.8.)

Die optimale benutting van die totale opleidingsfasiliteite in die RSA, asook opleiding as 'n belegging in menslike kapitaal, is weens die gebrek aan koördinasie, skerp omlynde doelstellings en doelwitte nie moontlik nie. 'n Nasionale opleidingstrategie waarby die bepaling van nasionale



# BESTUURSOPSOMMING

## 1. DIE NAVORSINGSVOORSTEL EN -OPDRAG

Gedurende die verloop van die RGN-/NOR-onderzoek na vaardigheidsopleiding in die RSA en die RGN-/NOR-onderzoek na opleiding en plasing van die gestremde persoon het dit in 'n toenemende mate duidelik geword dat daar in die RSA 'n behoefte aan 'n nasionale opleidingstrategie bestaan. Individuele nywerhede sal dan hulle opleiding volgens so 'n strategie kan beplan, terwyl die staat sy opleidingsprioriteite kan bepaal en die toewysing van geld kan beplan ten einde aan die strategie uitvoering te gee en aan die prioriteite aandag te gee. Die Voorsitter van die Nasionale Opleidingsraad (NOR) het vervolgens oor hierdie onderwerp met die Uitvoerende Direkteur van die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing (tans Hoofbestuurder van die Groep: Onderwys) van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) besprekings gevoer wat daarop uitgeloop het dat 'n navorsingsvoorstel aan die NOR gerig is. Die voorstel is aanvaar met die voorneme dat die ondersoek in 1989, na voltooiing van die ondersoeke na vaardigheidsopleiding en gestremde persone, 'n aanvang sou neem.

Die twee verslae is op 28 April 1989 aan die NOR voorgelê waar albei, asook die navorsingsvoorstel vir 'n opleidingstrategie, aanvaar is. Dit het die weg gebaan vir die NOR-/RGN-onderzoek na 'n nasionale opleidingstrategie vir die RSA. Daar is vervolgens besluit om die aanbevelings van die vaardigheidsopleidingverslag by hierdie verslag te inkorporeer.

## 2. DIE BEHOEFTE AAN 'N OPLEIDINGSTRATEGIE VIR DIE RSA

Daar word tans algemeen aanvaar dat die belegging in menslike kapitaal deur middel van opleiding 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die ekonomie asook in die tegnologie van 'n land speel. Ontslaglike somme geld word deur beide die privaatsektor en die staat aan opleiding in die RSA bestee, terwyl belastingtoegewings vir opleiding jaarliks tussen R120 m en R500 m bedra het totdat belastingtoegewings vanaf 1 Julie 1990 opgeskort is. Hierdie enorme nasionale opleidingspoging in die RSA is grootliks ongekoördineerd en onbeheersd ten opsigte van nasionale opleidingsbehoefte. Die hoofrede hiervoor is 'n tekort aan geskoolde mannekrag wat veroorsaak dat opleiding trekkerig is ten einde in die korttermynmarkbehoefte te voorsien eerder as om langtermynneigings vooruit te loop. Indien alle belangstellende instansies egter aan die ontwerp, aanvaarding en implementering van 'n nasionale opleidingstrategie sal deelneem, sal dit moontlik wees vir opleiding in die RSA om oor te gaan van waar dit op reeds bestaande opgeleide mannekragbehoefte reageer, na 'n stelsel wat toekomstige mannekragbehoefte vooruitloop ten einde die ontwikkeling van die ekonomie te help bevorder.

# INHOUDSOPGAWE

BLADSY

1.	DIE NAVORSINGSVOORSTEL EN -OPDRAG	1
2.	DIE BEHOEFTE AAN 'N OPLEIDINGSTRATEGIE VIR DIE RSA	1
3.	DIE WERKKOMITEE	3
4.	DIE NAVORSINGSMETODE	5
5.	DEFINISIES	5
5.1	OPLEIDING	5
5.2	OPLEIDINGSTRATEGIE	5
5.3	DIE OPLEIDINGSVENNOOTSAP (DOV)	6
5.4	DIE MISSIE VAN DOV	6
6.	AANSTELLING VAN NAVORSERS	7
7.	NYWERHEIDSEMINARE	7
8.	KERNAANTEKENINGE OOR ELKE HOOFSTUK VAN DIE HOOFVERSLAG	8
8.1	HOOFSTUK 1: AGTERGROND TOT DIE ONDERSOEK NA 'N OPLEIDING- STRATEGIE VIR DIE RSA	8
8.2	HOOFSTUK 2: DIE KORPORATIEWE STRATEGIESE BESTUURSTELSEL	8
8.3	HOOFSTUK 3: VORIGE ONDERSOEKE NA OPLEIDING	12
8.4	HOOFSTUK 4: 'N ORGANISATORIESE BEOORDELING VAN DIE OPLEIDINGS- VENNOOTSAP (DOV)	13
8.5	HOOFSTUK 5: EKSTERNE OMGEWINGSONTLEDING	14
8.6	HOOFSTUK 6: DOELWITTE, DOELSTELLINGS EN DIE STREEKSEMINARE	14
8.7	HOOFSTUK 7: AANBEVELINGS	19

Die RGN-ondernavorsingsprogram is organisatories en administratief verbonde aan die Groep:  
Ondernys van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Buitebidadonwerper: Ronell Lareman

Groep: Ondernys  
Hoofbestuurder: Dr. S.W.H. Engelbrecht

Prys  
(AVB uitgestuif)

ISBN 0 - 7969 - 0968 - 7

• Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1991

Gedruk en uitgee deur die RGN  
Pretorius Street 134  
Pretoria

*R?*

**NOR-/RGN-ondersoek na 'n nasionale  
opleidingstrategie vir die RSA**

**BESTUURSOPSOMMING**

Pretoria  
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing  
1991



*Doc no 286390*  
*copy no 289624*